# Die pligte van die Trustees

Die pligte van die trustees van aftreefondse is in wetgewing vasgelê in artikels 7C en 7D van die Wet op Pensioenfondse. Die ander bron van die pligte van trustees is die gemenereg soos ontwikkel deur hofsake oor die jare.

## Ingevolge die Wet op Pensioenfondse

Die Wet bepaal dat die oogmerk van die raad van trustees is om die bedrywighede van die fonds te bestuur en te beheer en daaroor toesig te hou ooreenkomstig die toepaslike regsreëls en die reëls van die fonds.

In nastrewing van die oogmerk, moet die trustees:

- alle redelike stappe doen om te verseker dat die belange van lede ingevolge die reëls van die fonds en die bepalings van die Wet op Pensioenfondse te alle tye beskerm word
- met behoorlike sorg, ywer en goeie trou optree
- botsings van belange vermy
- alle lede en begunstigdes onpartydig behandel.

Addisioneel tot bogenoemde is die algemene pligte van die trustees ingevolge die Wet op Pensioenfondse om:

- te verseker dat behoorlik register, boek en rekord van die bedrywighede van die fonds gehou word, met inbegrip van behoorlike notules van alle besluite deur die trustees geneem
- te verseker dat behoorlike beheerstelsels deur of namens die trustees gebruik word
- te verseker dat voldoende en toepaslike inligting aan die lede van die fonds verskaf word wat hulle inlig oor hulle regte, voordele en verpligtinge ingevolge die reëls van die fonds
- alle redelike stappe te doen om te verseker dat bydraes betyds aan die fonds betaal word
- deskundige advies in te win oor aangeleenthede ten opsigte waarvan trustees nie oor genoegsame kundigheid beskik nie
- te verseker dat die reëls en die bedrywighede en administrasie van die fonds aan die Wet op Pensioenfondse, die Wet op Finansiële Instellings (Bekerming van Fondse) en alle ander toepaslike wette voldoen.

## Ingevolge die Raad op Finansiële Dienste (RFD)

Die RFD het ‘n publikasie uitgereik met die titel “Role of Trustees”, wat op hulle webtuiste beskikbaar is.

In die boekie verduidelik die RFD die rol en verantwoordelikhede van die trustees soos volg:

- bestuur die aftreefonds en sien toe dat alle besluite geneem word ooreenkomstig die regsreëls van toepassing op aftreefondse en die reëls van die fonds
- tree op in die beste belang van die lede van die fonds ten einde te verseker dat hulle die beste opbrengs op hulle beleggings kry
- hou deeglik toesig oor die administrasie van die fonds om te verseker dat die lede se bates behoorlik bestuur word ooreenkomstig toepaslike regsreëls
- onderrig ander aangaande die werk van die trustees en die belangrikheid van die rol van die trustees

- kom die verantwoordelikhede na vir die voordeel van die lede en nie vir eie gewin nie
- maak seker dat die fonds op ‘n deursigtige en regverdige manier bestuur word en dat die reëls belyn is met die relevante wetgewing
- bly op datum met tendense, ontwikkelinge en aktuele aangeleenthede in die aftreefondsbedryf vir selfontwikkeling en om hulle eie kennis met fondslede te kan deel
- ondersoek verskillende planne om lede se fondse te belê en vind die wat die mees geskikte is om die voordele in die geregistreerde reëls van die fonds te voorsien.

Die reëls van die Fonds bepaal dat die Fonds beheer en bestuur word deur die raad van trustees wat die Fonds bind met betrekking tot alle aangeleenthede rakende die Fonds en wat al die bevoegdhede het wat nodig is om die oogmerke van die Fonds te bereik.

Die raad van trustees bestaan uit agt lede van wie vyftig persent te alle tye onafhanklike trustees moet wees.

Die doelwitte, verantwoordelikhede, magte en pligte van die raad is duidelik uiteengesit in die reëls van die Fonds en dit stem direk ooreen met die vereistes van die Wet soos hierbo uiteengesit.